

VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

- Sondag:** Johanna Bonthuys, Hanneke Bosch, Arjan de Leeuw den Bouter, Tercia de Swardt, Marianne Joubert, JC Malan, Marlene Milani, Bianca Nieuwoudt, Linda Pagel.
- Maandag:** Louise Muller, Mark Paxton, Elsabé Schoeman, Monica Swart, Ernst van der Merwe.
- Dinsdag:** Ben Buys, Maretha Coetzee, Ria Esterhuysen.
- Woensdag:** Marietjie Burger, Boudewijn de Vries, Chantené Hendriks, Hanli Jansen van Vuuren, NJ Koch, Estelle Steenkamp, Matty Swanepoel, Coreen van der Merwe, Joan van Wyk.
- Donderdag:** Michael Jenkins, Gilliam Olwage, Corrie van Kralingen.
- Vrydag:** Johan de Reuck, Annetjie du Toit, Jacques Potgieter.
- Saterdag:** Chris Bosman, Schalk Liebenberg, Jacques Meyer, Jaco Venter.

EREDIENSTE UITSENDINGS Op die oomblik word ons eredienste op Sondagoggende 09:00 lewendig uitgesaai - vanuit die dominees se huise. Om te deel in in die erediens, kan jy hierdie skakel gebruik:
<http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH-vjs/index.html>

Baie dankie aan almal wat laat weet hoe die uitsending verloop. Dit help baie om sodoende maandelike probleme te identifiseer. Gaan gerus voort daarmee om te laat weet hoe jy die (uitsending van die) eredienste ervaar. Jy kan 'n boodskap stuur na 082 859 5646 of na eredienste@nghottentotsholland.co.za

Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin." Johannes 16:33

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing.
Dankoffer vir dankoffer tydens erediens
Dankoffer vir maandelikse dankoffer



FAMILIENUUS

SONDAG 18 JULIE 2021

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00: HENNIE FOUCHÉ EN EWALD JANSEN VAN RENSBURG
SKRIFLESING: EFESIËRS 2:11 - 22
TEMA: 'N GEMEENSAP WAAR MENSE MEKAAR VERTROU, IS MOONTLIK

Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange (Jeremia 29:7)

DEUROFFERS:

Vandag se deuroffer gaan aan Disakloof

Disakloof is 'n kampterrein by Bettiesbaai, met die roeping om die Christengemeenskap in die Wes-Kaap te help om van jongmense beter burgers van God se koninkryk te maak en sodoende ook beter burgers van ons land. Ons gemeente is bevoorreg om deel van die netwerk te wees wat Disakloof ondersteun om hierdie roeping meer as net 'n droom te maak.

Die inperking is 'n baie groot uitdaging vir Disakloof, omdat hulle nie groepe kon ontvang om hulle te motiveer om nuut te gaan leef in ons land nie. Met geen groepe wat kom kamp nie het die inkomste van die maatskappy ook opgedroog. Die terrein word wel gebruik vir vakansiegangers, maar dit bied nie naastenby genoeg inkomste om die uitgawes te dek nie.

Vandag se deuroffer is vir Disakloof – en sal gebruik word as 'n bydrae om die maatskappy deur hierdie uitdagende tyd te dra.

Daarmee saam bid ons dat dit spoedig maontlik sal wees om weer mense daar te ontvang, sodat die maatskappy hulle roeping kan uitleef.

Volgende week: *Carel van der Merwe Beursfonds*

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somers-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00

Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za

Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51

www.nghottentotsholland.co.za

Vakature in ons gemeente - Boekhouer

Die posisie van **Boekhouer** in ons gemeente is vakant vanaf 1 Augustus 2021. Aansoeke vir hierdie pos word ingewag tot 23 Julie 2021.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting oor die vereistes vir en verantwoordelikhede van hierdie pos.

021 852 5004 (08:30 - 13:00) of admin@nghottentotsholland.co.za

BRIGHT LIGHTS SÊ “BAIE DANKIE”

Baie dankie aan gemeentelede vir die bydraes van vars groente en fondse om reënbaadjies vir die inkomkinders aan te skaf. Die groente is gebruik om vir die kinders sop te kook asook vir elke huisgesin waaruit hulle kom, 'n pakkie vars groente te stuur. Ons was ook in staat om vir elk van die 23 kinders 'n baadjie te koop.

Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie; dit hou groot beloning in.
Volharding is wat julle nodig het ...” Hebreërs 10:35 - 36

Erediens op YouTube

Die diens word Sondagoggende om ongeveer 11:00 op YouTube gelaai. Die skakel daarvoor is op die gemeente se webtuiste (<http://www.nghottentotsholland.co.za/>) beskikbaar - “Liefde na Bo” / “Eredienste” en dan aan die onderkant van die blad, “Vorige Eredienste”.

Teken asb in (Subscribe) op ons Youtube kanaal:

<https://www.youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqk1iWULA>

Jy sal dan 'n kennisgewing kry wanneer elke erediens daarop beskikbaar is.

Maak 'n volhoubare impak:

Die onrus waardeur ons land die afgelope week getref is, het soveel emosies by ons losgemaak: woede, skok, teleurstelling, wantroue, hartseer, moedeloosheid ... Terwyl ons al hoe meer verstaan wat Jesus bedoel as Hy ons soos *skape tussen wolwe instuur* (Matt 10:16), is ons al hoe meer oortuig dat ons (die kerk) geroep is om 'n **venster te wees** waardeur mense **nuwe moontlikhede** sal raaksien en **nuwe (ware)** hóóp sal vind.

Die Diensgroep vir Liefde na Buite beoog om vroeg in die derde kwartaal een of meer gespreksgeleenthede te hou om hieroor met mekaar in gesprek te tree. Sodra die inperkings-vlakke dit toelaat, sal ons 'n datum vir só 'n gesprek bepaal, en dit bekendmaak.

Intussen is jy welkom om met Wally (073 212 2391) of Hennie (082 859 5646) hieroor te gesels.

Ons bid vir mekaar

In ons gemeente is 'n groep mense wat vir spesifieke mense en instansies bid. Ons gee inligting aan mekaar d.m.v. WhatsApp boodskappe en kan sodoende vinnig mekaar vra om saam te bid. Jy is welkom om in te skakel by hierdie groep, én / óf om te laat weet as ons vir jou of iemand anders kan bid.

Stuur gerus 'n boodskap na of bel 082 859 5646

Gasvrye mense sien mekaar raak en luister na mekaar

Ons is 'n paar weke gelede weer eens herinner dat Jesus, op pad na die belangrike hoof van die sinagoge, by 'n sogenaamde *onbelangrike* vrou gaan stilstaan het en met haar gepraat het (Mark 5:21 - 43). Hy het haar wel fisies genees, maar in die proses het Jesus veel meer vir haar gedoen: In die *gaan-staan-by-haar* en *praat-met-haar* het Hy haar menswaardigheid genees.

In ons *liefhê-soos-Jesus-liefhet* wil ons juis mekaar ook só genees. Probeer om elke week ten minste een bekende persoon / familie en een onbekende persoon / familie te kontak. Hóór hoe dit met hulle gaan. En as jy meen daar is meer hulp nodig as wat jy alleen kan verleen, en jy weet nie hoe om dit verder te neem nie, kontak gerus die dominees. Dan sit ons koppe bymekaar en bedink saam met mekaar 'n manier om met liefde te bedien.